



Israel Bybeltoer 2017

saam met Liesel Krause-Wiid en Siebert Wiid

Bybeltoere is anders as ander toere. Dit raak aan jou hart wanneer jou Bybelblaie lewendig word. Jy sien in die bouvalle hoe generasies laag na laag op mekaar se fondasies gebou het. Jy ruik die minerale van die Dooie See en as jy vir 'n oomblik jou oë toemaak, is dit asof jy kan hoor hoe sterk slawelywe aan die Egiptiese piramides bou, of hoe Jesus weer in Israel se stofpaaie afstap en die gelykenisse vertel.

Dag 1 en 2: Johannesburg - Kaïro

Vlieg na Kaïro. Besoek die Kerk op die Ashoop in Kaïro, die Piramides, Sfinks en die tempelvallei. Onderneem 'n Nylvaart en oornag op die boot.

Dag 3 en 4: Kaïro - Sinai/Taba

Vaar oor die Suezkanaal en reis deur woestynwêreld na die berg Sinai, wat as een van die heiligste plekke in die Ou Testament beskou word. Ontspan die res van die dag en oornag in St Catherine, die dorp aan die voet van die berg. Die volgende oggend vroeg stap ons teen Sinai uit vir Bybelstudie by die kapel op die kruin. Geniet die betowerende sonsopkoms oor die Sinai-woestyn. Ons besoek een van die oudste werkende Christelike kloosters ter wêreld, St. Katherina, voordat ons verder na Taba reis. Vandag swem ons ook in die Rooi See en slaap oor op Taba.

Dag 5: Timnapark - Dooie See

Ons steek vandag die grens na Israel oor en kies koers na Timnapark, waar Salomo se kopermyne te sien is. Besoek die Tabernakel in die Wildernis en dryf op die Dooie See, die laagste plek op aarde!

Dag 6: Masada - Ein Gedi - Qumran - Betabara - Tiberias

Masada is voorwaar 'n hoogtepunt! Neem 'n kabelkar tot op die berg en raak meegevoer tussen die bouvalle van die eens luukse paleis van koning Herodes. Besoek Ein Gedi, waar Dawid soms teen Saul geskuil het en waar hy die geleentheid gehad het om Saul dood te maak, maar net 'n stukkie van sy kleed afgesny het. Ons reis verder na die Qumrangrotte, waar die Dooie See-boekrolle in 1947 ontdek is. Stop by Betabara, die plek waar

Jesus gedoop is, en slaap die aand by die kUSDorp Tiberias oor.

Dag 7: Galilea-omgewing

Ontdek die oeroue dorp Nasaret, waar Jesus grootgeword het, gepreek het en waar Hy sowat 30 jaar gewoon het. By die Berg van Saligspreekinge het Jesus sy bergpredikasie gelewer, by Tabgha het Hy die brood en vis vermeerder en by die Mensa Christi-kerk het Hy aan sy dissipels verskyn en saam met hulle geëet. Die argeologiese dorp Kapernaum sit ook met duisende jare se geskiedenis, en daar is min dinge so spesiaal soos 'n bootvaart op die See van Galilea.

Dag 8: Karmel - Caesarea - Bethlehem - Jerusalem

Berg Karmel vertel weer die Ou-Testamentiese storie van Elia wat die Baälpriesters om die lewe gebring het. Geniet die indrukwekkende uitsig oor Megiddo en die vlakte van Armageddon, waar die finale slag volgens Openbaring in die laaste dae sal plaasvind. Besoek ook Caesarea, tuisdorp van Pontius Pilatus, Filippus en Cornelius. Ons verken Bethlehem en kry ook die geleentheid om 'n paar inkopies te doen. Oornag in Jerusalem.

Dag 9 en 10: Jerusalem

Jerusalem begin op 'n hoë noot op die Olyfberg en ons stap die palmroete na die Tuin van Getsemane. Ná 'n besoek aan die huis van Kajafas, die hoëpriester, stop ons by die Stad van Dawid en die Klaagmuur in die Ou Stad, die allerheiligste plek vir die Jode. Die volgende dag besoek ons die Bad van Bethesda en spandeer vrye tyd in die Ou Stad. Nagmaal by die tuingraf is 'n besondere hoogtepunt.

Dag 11 en 12: Allenby - Petra - Nebo Amman

Ons steek die grens na Jordanië oor en reis na een van die wonders van die wêreld, Petra. Ons staan op die kruin van die Pisgaberg, waar Moses gestaan het toe hy vir die eerste keer die beloofde land aanskou het. Spandeer die hele volgende dag in Petra en begin die terugreis na Suid-Afrika!

Dag 13: Johannesburg

Arriveer in Johannesburg.

R34 980* p.p. wat deel. Bespreek by Stargate International (011 918 7567) en noem spesifiek dat jy vir die Finesse-toer wil bespreek. Meer inligting: voelgoed.co.za/reisklub

**Prys is onderhewig aan verandering*

